Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

forward together sonke siya phambili saam vorentoe

# HUIDIGE STUDENTE: AANSOEK OM (HER)TOEKENNING VAN VERBLYF OP STELLENBOSCH- EN TYGERBERGKAMPUS VIR INNAME-2024

## 1. Aansoekprosess

**1.1 Wie moet aansoek doen?** Alle huidige studente wat vir die volgende studiejaar universiteitsverblyf benodig, moet elektronies op die studenteportaal by my.sun.ac.za aansoek doen. Hou in gedagte dat ŉ aansoek nie ŉ plasing waarborg nie. Die getal aansoeke is heelwat meer as die getal beskikbare koshuisplekke.

**1.2 Vir watter koshuis kan jy heraansoek doen?** Jou heraansoek sal slegs vir verblyf in jou huidige voorgraadse of senior koshuis geld. Ons kan ongelukkig geen oorplasing na ŉ ander koshuis oorweeg nie.

**1.3 Sluitingsdatum:** Die aansoek sal aanlyn beskikbaar wees vanaf middel Mei tot om middernag op 31 Julie. Indien die Universiteit nie jou aansoek voor die spertyd ontvang nie, **sal jy ongelukkig nie vir koshuisverblyf oorweeg word nie**. Maak dus seker dat jou aansoek vasgelê is.

## 2. Kriteria vir (her)toekenning van verblyf

**2.1 Akademiese prestasie:**

Neem asseblief kennis van die HEMIS-vereistes vir koshuisplasing op Stellenbosch-kampus na verloop van die Junie en/of Desember eksamens:

### Junie Eksamen

| Historiese jare | 0,5 | 1,5 | 2,5 | 3,5 | 4,5 | 5,5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete vir hoofstroom vereis** | 0,3375 | 1,16 | 2,0825 | 2,7 | 3,6 | 4,5 |
| **HEMIS-krediete vir verlengde graadprogram vereis** | 0,3375 | 0,8 | 1,232 | 1,8 | 2,7 | 3,6 |

### Desember Eksamen

| Historiese jare | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **HEMIS-krediete vir hoofstroom vereis** | 0,45 | 1,45 | 2,45 | 3,00 | 4,00 | 5,00 |
| **HEMIS-krediete vir verlengde graadprogram vereis** | 0,45 | 1,00 | 1,45 | 2,00 | 3,00 | 4,00 |

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Registrars Division | Registrateurs Afdeling
Student Accommodation Office | Studente Akkommodasie Kantoor
+27 21 808 9111 | info@sun.ac.za | www.maties.com
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

**Let wel:**

**Gebaseer op die Junie Eksamen:**

Jou koshuis her-aansoekstatus sal dan teen die begin van September gepubliseer word op my.sun.ac.za (klik op "Voorgraads" > "Akkommodasie" > "Akkommodasie status") en sal as "**Voorwaardelik Geplaas**" of "**Gekanselleer: Onsuksesvol Junie**" aangedui word. Die Universiteit sal geen geskrewe korrespondensie daaroor aan jou stuur nie.

**Gebaseer op die Desember Eksamen:**

- As jy voorwaardelik ŉ plek toegeken was, gebaseer op die Junie HEMIS vereiste en daarna ook aan die Desember HEMIS vereiste voldoen (ná die Nov/Des-eksamenresultate beskikbaar is) sal jou verblyfstatus as "**Geplaas**"' of "**Gekanselleer**" reflekteer.
- Indien jou aansoek om (her-) toekenning van verblyf ná albei eksamens (Junie en Desember) suksesvol is, sal jy teen (laat) Desember wel korrespondensie per e-pos ontvang rakende die amptelike intrekdatums vir die nuwe akademiese jaar.
- Indien jy in Junie aan die HEMIS-vereistes voldoen, maar nie in Desember nie, sal jy ongelukkig jou plek verloor. Jy mag dan jou naam op ŉ waglys registreer, wat die eerste dag van Februarie van die nuwe studiejaar open. Hou egter in gedagte dat studente met ŉ hoër HEMIS verskil voorkeur sal kry op die waglys. Daar is dus geen waarborg dat plek wel beskikbaar sal wees nie.
- Indien jy nie in Junie aan die vereistes vir plasing voldoen nie, maar wel in Desember, sal jy slegs oorweeg kan word wanneer plek in die betrokke koshuis beskikbaar is. Neem in ag dat plekke beperk is en dat daar geen waarborg is dat jy wel ŉ plasing sal kry nie. Die diversiteitsbeginsels soos uiteengesit in die koshuisplasingsbeleid, sal geld as kriteria vir terugplasing. Indien jy nie plek kry nie, kan jy jou naam op die Februarie-waglys registreer.
- Lees gerus meer oor die hertoekenning van verblyf en kriteria in die Koshuisplasingsbeleid en Bestuursriglyne op die studenteportaal by my.sun.ac.za (klik op akkommodasie).

**2.2 Maksimum verblyf in koshuis:**

**2.2.1 Voorgraadse Koshuise:** Jy mag bly vir die minimum duur van jou aanvanklike (eerste) voorgraadse program waarvoor jy ingeskryf het. As jy die minimum duur van jou program oorskry het, kan jy nie in jou voorgraadse koshuis aanbly nie, ongeag jou akademiese prestasie.

**2.2.2 Senior verblyf:** Die maksimum verblyftyd in senior verblyf is 3 jaar.

**2.2.3 Tygerberg-kampus:** Op die Tygerberg-kampus word daar nie na "voorgraadse" koshuise verwys nie, maar word die onderskeid gemaak tussen "junior" en "senior" koshuise, en beweeg studente deur die loop van hul voorgraadse studie van junior na senior koshuise. Die junior fase vir MBChB-studente word beskou as eerste tot derde jaar, terwyl die senior fase beskou word as die vierde tot die sesde jaar. Vir die aanvullende wetenskappe word die junior fase as eerste tot derde jaar beskou, terwyl die senior fase na die finale vierde jaar verwys. Voorkeur sal gegee word aan Arbeidsterapie en Spraak- Taal- en Gehoorterapie aansoekers van voorgraadse koshuise op die Stellenbosch-kampus. (Weens beperkte spasie, is plasing nie gewaarborg nie)

**2.3 Programme in Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (Tygerberg-kampus); Besigheidskool- (Bellville-kampus), Telematiese Onderrig- (Afstandsonderrig) en Elsenburg-studente:** Studente wat by Tygerberg, Besigheidskool of Elsenburg studeer of via ons Telematiese Onderrig studeer, kan nie in 'n koshuis op Stellenbosch-kampus tuis gaan nie. Dit sluit studente wat die programme B in Arbeidsterapie I en B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en II uit, wat hulle aanvanklike studiejare op die Stellenbosch-kampus deurbring.

2.4 **Spesiale, SciMathUS- of kortkursusstudente:** Studente wat as spesiale studente registreer of enige kortkursus volg, kan nie op universiteitsverblyf in daardie jaar aanspraak maak nie.

2.5 **Studente wat voltyds werk:** Voltyds geregistreerde studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltyds werk en daarvoor betaal word, mag nie van universiteitsverblyf gebruik maak nie. Dit sluit Post Doktorale studente in.

2.6 **Studente met gestremdhede wat koshuisverblyf vereis**: Studente met gestremdhede wat koshuisverblyf vereis, moet die Student Akkommodasie kantoor kontak deur 'n e-pos aan info@sun.ac.za te stuur.

2.7 **Registrasie aan die einde van Februarie:** Alle studente wie in Universiteit koshuise/huise woonagtig is (insluitend Meesters- en Doktorale studente), **moet teen einde Februarie van die jaar van inwoning geregistreer wees**.

2.8 **Nagraadse internasionale studente**: Vir plasing in senior koshuise moet internasionale studente die Universiteit Stellenbosch Internasionale Kantoor kontak op interhouse@sun.ac.za.

2.9 **Verblyf in luister-, leef- en leer- (LLL-) huise**: LLL is 'n jaarprogram en studente moet elke jaar aansoek doen. Inligting oor aansoeke om hierdie tipe verblyf is beskikbaar by Mnr Enos Lekala by enos@sun.ac.za of www.sun.ac.za/lll.

2.10 **Studenteleierskap:** Studente wat verkies word vir 'n amptelike leierskapsposisie in die koshuis, kan langer as die minimum duur van hul program bly. Neem kennis dat net 25% van die mentors wat per koshuis aangewys word langer as die normale duur van hul program kan aanbly.

2.11 **Pendal studente (Studente wie by die huis of in privaat akkommodasie woon) aansoeke:** Vanweë die beperkte aantal beskikbare plekke, sal 'n maksimum van 20 plekke (10 mans en 10 dames) aan **pendal studente** vir 2024 geallokeer word. Let daarop dat studente wat hul koshuisplek gekanselleer het, ook as pendalstudente beskou word. Pendalstudente sal egter op die waglys kan registreer, wat met die aanvang van die nuwe akademiese jaar in 2024 oopmaak.

2.12 **Nuwe plasings in senior verblyf:**

2.12.1 Voorkeur sal gegee word aan aansoekers vanuit voorgraadse koshuise.

2.12.2 Die koshuis HEMIS-vereiste is hier die hoof kriteria vir plasing.

2.12.3 Finansiële behoeftigheid gebaseer op sosio-ekonomiese status sal ook, waar moontlik, in ag geneem word.

2.12.4 'n Student wat nie in 'n senior koshuis geplaas kon word nie, kan op die waglys wat in September 2023 op my.sun.ac.za open, registreer.

## 3. Verblyfkansellasies

3.1 Indien jy om akkommodasie aansoek gedoen het, maar nié meer daarvan wil gebruik maak nie, kanselleer asseblief jou aansoek of toegekende plek aanlyn **voor/op** 30 September.

3.2 Indien jy **ná** 30 September kanselleer, sal ons die volgende kansellasiefooie hef:

| Kansellasiedatum | Kansellasiefooi |
|---|---|
| **Tussen 1 Oktober en 31 Oktober** | R1 000 |
| **Tussen 1 November en 30 November** | R2 000 |
| **Vanaf 1 Desember** | R3 000 |
| **Na die aanvang van amptelike inwoning aan die begin van die akademiese jaar** | 30% van die verblyfgeld |

3.3 Enige kansellasie **ná** 30 September moet op my.sun.ac.za > akkommodasie > verblyf heraansoek en kansellasies gedoen word. Indien jy **na** 01 Desember kanselleer, moet 'n epos na info@sun.ac.za gestuur word.

3.4 As jy kanselleer na die aanvang van die akademiese jaar (of nie betyds opdaag nie), is jy aanspreeklik vir 'n kansellasiefooi van 30% van die uitstaande verblyfgeld vir die jaar.

**3.5** Die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing sal as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuldigde gelde gebruik word.

**3.6** Lees gerus meer oor die hantering van kansellasies in die **Bestuursriglyne** dokument soos gepubliseer op die studenteportaal by my.sun.ac.za.

*Studente Akkommodasie kantoor, April 2023*